Nuusbrief 187

3 Desember 2013

Geagte Lede,

Seënwense aan al ons lede en hulle geliefdes vir die feestyd wat voorlê en voorspoed vir 2014

Neem asseblief kennis dat die SAWPA-kantoor amptelik op die 13de Desember 2013 sal sluit en weer sal open op die 2de Januarie 2014



CAPE CONSTRUCTION EXPO: 31 Oktober – 2 November

SAWPA en die Instituut vir Hout Konstruksie (ITC-SA), het tydens die onlangse Cape Construction Expo wat by die CTICC gehou was, 'n dubbel uitstal area gedeel. Alhoewel die uitstalling nie so groot was as verwag nie, glo ons dat dit tog effektief was sover dit ons doelwitte aangaan. Ons het waardevolle interaksie met besoekers aan ons stalletjie gehad. SAWPA-lede, professionele mense uit die bou-verwante bedryf asook die publiek is van advies voorsien en vrae oor houtverduursaming kon beantwoord word.
Bruce het 'n praatjie aangebied oor houtverduursaming in een van die 4 werkwinkel-areas by die skou. Ons wil ook graag vir Airton Timbers en Somerset Timbers bedank vir die geborgde behandelde houtitems wat in die stalletjie ten toon gestel was.

HERBEHANDELING VAN KCA BEHANDELDE HOUT

Die navorsing wat deur Willie Conradie van Timberlife namens die Chemiese Forum gedoen is, is onlangs voltooi. Die konsep verslag, getiteld "Evaluation of retreatment on the fixation/ leachability of CCA in wood", is aan al die KCA-vervaardigers sowel as die SABS en SATAS voorgelê vir insae en kommentaar. Die toetsresultate lyk belowend en dui daarop dat reeds behandelde KCA behandelde hout (herdroog en of gefikseer) indien nodig herbehandel kan word. Die doel van so herbehandeling sal wees om die retensie te verhoog en derhalwe die H-klas te herklassifiseer tot 'n hoër gevaarklas. Die toeste dui verder dat daar nie enige noemenswaardige of nadelige effek op fiksering en daaropvolgende loging van KCA uit die behandelde hout is nie. Verskeie rolspelers is besig om te besin oor die uitslae en te bepaal hoe die toelating vir bogenoemde her-behandeling geïmplementeer en gekontroleer moet word, insluitend die nodige voorwaardes wat daargestel moet word. Die moontlikheid vir verder toetse om alle moontlike risiko's en scenarios te dek, insluitend volgrootte monsters, is nog nie uitgesluit nie, maar vir die huidige lyk die

resultate goed. Verder word daar ook beoog om formele goedkeuring in die bedryf te kry deur 'n SABS Standaarde "Sectoral Technical Agreement" (STA) proses. Lede sal op hoogte hou word van enige vordering en besluite wat geneem word. Kontak die SAWPA-kantoor vir 'n afskrif van die verslag.

NRCS VORDERING

Oor die afgelope twee weke het ons 'n e-pos boodskap sowel as 'n telefoonoproep van twee NRCS beamptes ontvang. Die e-pos was afkomstig van die NRCS-spesialis verantwoordelik vir die prosessering van die Aansoek om Goedkeuring wat lede tussen Februarie 2010 en Augustus 2011 ingedien. In die e-pos dui hy aan dat daar beoog word om al die aansoeke teen die einde van die eerste kwartaal 2014 te prosesseer en af tehandel. Die senior bestuursbeampte wat ons geskakel het, het ons ingelig dat die senior bestuur van die NRCS besig is om aandag te gee aan die implementering en administrasie van VC 9092. SAWPA is van mening dat indien die voorgemelde doelstellings realiseer, die heffing van die R1.04/m^3 kort daarna sal volg.

VORDERING M.B.T DIE W.D. GOODWIN KLAGTES – INFOTOX VERSLAG EN GEDETAILEERDE REGSOPINIE

SAWPA het onlangs beide die konsepverslag, opgestel deur INFOTOX, sowel as die gedetailleerde regsrespons, opgestel deur ENS Africa, in ontvangs geneem. Die INFOTOX konsepverslag het betrekking op die ekspert opinie van 'n plaaslike spesialis toksikoloog, Dr Willie Van Niekerk, gebaseer op die beoordeling/beskouing van verskeie navorsingstudies m.b.t. die gesondheidsrisiko vir kinders wat op KCA behandelde houtspeelrame speel. Die konsep regsrespons bevat gedetailleerde teenspraak op Mnr WD Goodwin se klagbriewe geadresseer aan die Openbare beskermer, die Mediese Navorsingsraad en die SABS TC verantwoordelik vir Speelgrond Veiligheid Standaarde. Beide die dokumente is tans onder bespreking en vergaderings sal binnekort plaasvind met INFOTOX en ENS Africa om die dokumente te finaliseer. Sodra die dokumente gefinaliseer is, sal dit voorgelê word aan Die Registrateur van Wet 36 van 1947 en alle ander relevante partye, en ook aan ons lede beskikbaar gestel word.

SAWPA BEVORDERING GEDURENDE 2013

Na gelang van die goeie terugvoer wat ons verlede jaar hierdie tyd gekry het, wil ons graag weer al die promosie aktiwiteite wat ons in die afgelope jaar gedoen het hieronder lys.

Maand	Promosie aktiwiteit
Januarie	- As lid en ter ondersteuning van die Wood Foundation het ons advertensie spasie op die "SA Forestry" kalender opgeneem.
Februarie:	- 3-bladsy promosie-artikel in die 800 bladsy "How to of building" gepubliseer deur Buildaid en beskikbaar by alle Builders Warehouse, Builders Trade Depots en Builders Express winkels. - Begin met die verspreiding van produk veiligheidsetikette aan ons lede - 1-bladsy advertensie in die "Timber iQ" tydskrif
Maart:	- Uitstaller en spreker by "WoodEx for Africa 2013" - 1-bladsy advertensie in die amptelike WoodEx Brosjure - Verkry 'n lysting op www.forestry.co.za webtuiste indeks
April:	- Verkry lysting op die "Home Handyman" webtuiste - Dubbelblad advertensie in die "To Build" tydskrif
Mei:	- Verkry 'n lysting op "SA Agri" (www.saagri.co.za) se webtuiste – 'n landbougids vir landboubenodighede
Junie:	- Verkry verdere 2 lystings op "Agri24" webtuiste: www.agri24.co.za - Druk 'n verdere 4000 brosjures om informele kosvoorbereiders in te lig oor die gevare verbonde aan die gebruik van behandelde hout as brandstof

Julie:
- Verkry verdere 8 kategorie lystings op die "Afri24" webtuiste
- Volkleur dubbelblad promosieartikel in die "To Build" tydskrif oor "What you need to know when buying treated timber"
- Spreek die Oos-Rand Houtwerkersvereniging toe oor houtverduursaming

Augustus:
- Verkry 'n direkte skakel na die SAWPA-webtuiste vanaf die "To Build"-webtuiste http://www.tobuild.co.za/directory/017/institutes-and-associations
- Verkry soortgelyke skakel op "Agri24" maandelikse nuusbrief (verspreiding 12000 lede)

Oktober:
- Versprei 1600 kalenders (2014) aan onder andere lede, argitekte, grasdakkontrakteurs, koöperasies en landskapontwikkelaars.
- Volblad advertensie in "Timber IQ"
- Uitstaller en spreker by "Cape Construction Expo" in Kaapstad
- Advertensie en promosieartikel in"Wood SA and Timber Times"

November:
- Volkleur dubbelbladsy advertensie in die "To Build" tydskrif
- Spreek die Pretoria Houtwerkersvereniging toe oor houtverduursaming

Desember:
- Halfblad advertensie in die "Earthworks" tydskrif
- Volblad advertensie in "Timber iQ"
- Advertensie op die jaar "Timber iQ" and "SA Roofing" jaarbeplanners
- 3-bladsy artikel in SA Roofing oor "The use of preservative treated timber in SA"

Jy kan ongelukkig nie altyd alles wen nie. Ons het die geleentheid gekry om 'n gratis promosieartikel in die "Building and Construction Review" tydskrif se Okt-Des 2013 uitgawe te plaas. SAWPA het die inhoud verskaf wat toe weer deur die tydskrif herredigeer is sonder om die veranderinge aan ons voor te lê. Die uiteinde is 'n vreeslike swak artikel, met ongelooflike swak redigering en vele spelfoute. 'n Voorbeeld is die gebruik van 'perfume' inplaas van 'performance.'

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste vir Oktober en November was onderskeidelik 53 847 en 34 363.
- Die 2014 SAWPA kalenders is gedruk en reeds versprei. Kontak die SAWPA-kantoor indien u nie 'n kopie gekry het nie.
- Die SAWPA-handelsmerk en "boompie"-kenteken is nou amptelik geregistreer by CIPC – Lede mag (en word aangespoor) om gebruik te maak van die handelsmerk en kenteken op amptelike en promosiemateriaal om aan te dui dat u 'n lid van SAWPA is. Ons versoek egter dat die korrekte geregistreerde weergawe gebruik word en vra dat u vir Sue sal kontak vir die korrekte weergawe.
- BELANGRIKE HERINNERING aan lede om die inisiatief te ondersteun vir die aanbring van waarskuwings- en veiligheidsetikette op alle behandelde houtprodukte wat in die handel verskaf word. Die etikette is gratis beskikbaar by SAWPA vir lede. Al wat u moet doen is om ons te kontak vir nog sodra u rolle opraak. Die bedoeling is dat u ten minste 10 % en meer van u produksie sal etiketteer voor versending. Hierdie inisiatief is u as lede van die assosiasie se plig en verantwoordelikheid ten einde te verseker dat KCA 'n volhoubare toekoms as verduursamingsmiddel sal hê.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.